Gamtoos-Besproeiingsraad

Gamtoos Irrigation Board



JAARVERSLAG 2019

VERSLAG DEUR DIE VOORSITTER

Tertius Meyer

Die afgelope jaar het – soos die meeste ander jare – sy uitdagings en hoogtepunte gebied by die Gamtoosbesproeiingsraad (GBR).

Wat die jaar egter besonder moeilik gemaak het, was die 20% watertoekenning wat ons ontvang het met die Kougadam op 7% in Junie 2018. Die verligting was groot toe daar goeie reën in die opvanggebied val en die damvlak tot by 55% gestyg het.

Die frustrasie was egter veel groter toe dit blyk dat die Departement Water en Sanitasie (DWS) nie die beperking wou aanpas nie. Gelukkig ná vele onderhandelinge – en kort van dreigemente – is die toekenning uiteindelik na 40% aangepas.

Groot was ons teleurstelling ook vanjaar toe Pierre Joubert sy vervroegde aftrede aankondig weens sy gesondheid. Ons beskou onsself egter as bevoorreg om 'n man van sy waarde vir 37 jaar in diens van die GBR en die gemeenskap te kon hê.

Ons as Raad wens Pierre alle voorspoed en goeie gesondheid toe tydens sy aftrede.

So het dit dat dan ook gekom dat ons Rienette Colesky as ons nuwe hoof uitvoerende beampte en Jacques van der Merwe as hoof operasionele beampte aangestel het.

Rienette het 'n sterk finansiële agtergrond asook ondervinding in menslike hulpbronbestuur wat haar uiters geskik maak vir die pos en Jacques is 'n siviele ingenieur en advokaat in waterreg met baie jare diens by DWS.

Uiteraard verander die aanslag en bestuurstyl met so 'n verandering in bestuur, maar ons as Raad sien uit daarna om 'n nuwe era saam met dié top span te betree.

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

Rienette Colesky

Dit is vir my 'n groot voorreg dat die Raad my die geleentheid gun om 'n besonderse waterinstelling soos die Gamtoosbesproeiingsraad te lei. Dit is nog meer so in die dat ek die leisels van 'n bekwame persoon soos Pierre Joubert kon oorneem.

Die Raad is geseënd met 'n top operasionele span wat op 'n daaglikse basis vergader om die skema se doen en late te bespreek en besluite rondom operasionele kwessies te neem.

Leon Grundling bestuur ons waterbeheerafdeling. Hy en Andrew Murray ywer al vir baie jare in dié afdeling. Tussen dié twee manne is daar 'n leeftyd van kennis en verloop operasionele aangeleenthede altyd seepglad.

Derik Thokoane het onlangs amptelik by die bestuurspan aangesluit. Hy bestuur ons werke-afdeling. Derik is al deel van die besproeiingsraad se span sedert die Raad tot stand gekom het. Daar is onskatbare waarde in manne wat oor soveel kennis van die binnewerkinge van die skema beskik.

Jacques van der Merwe het in Mei by ons as hoof operasionele beampte aangesluit. Ons weet dat die bydrae wat hy sal lewer in terme van siviele bystand, sowel as wetlike aangeleenthede rondom waterreg, vir ons van groot waarde sal wees.

Operasionele Gesondheid

Die Raad het 'n besonder uitdagende jaar beleef en wel oor die volgende twee redes:

Eerstens, was daar die onvoorsiene herstelwerk op D-Kanaal en tweedens, die onderverhaling van inkomste. Hierdie situasie het die Raad genoop om R7.2 miljoen van die reserwes te gebruik.

Die integriteit van **D-Kanaal** is betwyfel toe die duikpyp wat water onder deur die rivier voer, gebars het. Die noodherstelwerk op hierdie duikpyp het R1.4 miljoen beloop.

Gedurende die tweede helfde van 2018, het die swak toestand van 'n ander duikpyp in D-Kanaal se sisteem onder die Raad se aandag gekom. D15 het verskeie swak plekke getoon en die Raad het besef dat dit van kardinale belang is om rehabilitasiewerk rondom hierdie duikpyp uit te voer om die watervoorsiening aan dié kanaal se watergebruikers te verseker.

'n VPVC pyp is binne die bestaande pyp geïnstalleer. WK-konstruksie is vir hierdie werk – wat ten koste van R3 miljoen gedoen is – gekontrakteur.

Bogenoemde twee insidente het die Raad genoop om 'n oudit op ons sisteem te doen om soortgelyke risikopunte te identifiseer. MSW (raadgewende ingenieurs waarmee die Raad 'n lang en goeie verhouding het) het gedurende die droë periodes ons sisteem besoek.

Waardevolle insig is ingewin oor die toestand van dele van ons kanaalstelsel en daar is ook onbeplande rehabilitasie op drie van D-Kanaal se duikpype gedoen.

Die oorblywende vier duikpype sal gedurende 2020 gedoen word. Daar word voorsien dat hierdie rehabilitasie die lewensverwagting van die duikpype van D-Kanaal met tussen 20 en 40 jaar sal verleng.

Daar was ook herstelwerk nodig aan die **katodiese beskerming** van die staalduikpype op die hoofkanaal. Hierdie beskerming verseker die lewensduur van die duikpype.

Buffelshoek is 'n risiko vir die watersekuriteit van ons landbouverbruikers, sowel as vir die Nelson Mandelabaai-munisipaliteit. Hierdie duikpyp is geleë op 'n uiters moeilike terrein net voor Mondplaas.

Die Departement Water en Sanitasie is bewus van die swak toestand en gevolglike risiko van hierdie duikpyp. Daar is ook voorheen deur die department herstelwerk gedoen aan die duikpyp in 'n poging om die risiko daaraan verbonde te verminder. Die GBR het gedurende die onlangse droë periode weereens werk gedoen om die risiko na die beste van ons vermoë te beperk.

Die realiteit is egter dat hierdie duikpyp vervang moet word. Dit word huidiglik op die kapitale uitgawe-begroting van die departement aangedui. Daar sal voortdurende druk op die departement geplaas word deur die GBR, sowel as die Nelson Mandelabaai-munisipaliteit, vir die vervanging van hierdie duikpyp.

Die gebrek aan of ou lugkleppe bied tans 'n besondere uitdaging aan die skema. Die Raad het in September 2018 'n aansienlike aantal lugkleppe aangekoop om sodoende oues te vervang en waar daar 'n behoefte is, nuwes in te sit.

Hierdie nodige onderhoud sal die frekwensie van breuke op spesifieke lyne verminder en sodoende operasionele koste verminder.

Daar is 38 duikpype *(syphons)* en 12 bedekte kanale *(covered canals)* op ons skema. Sedert 2015, is daar begin om hierdie strukture tydens die droë periodes skoon te maak. Die nodige herstelwerk word ook gedurende die skoonmaakproses uitgevoer. Teen 2024, hoort al die duikpype en bedekte kanale skoongemaak te wees.

Die hele skema se oop kanale word tydens die droë periode geïnspekteer en herstel. Op hierdie manier verleng ons die lewensverwagting van die sisteem vir so lank as moontlik.



Finansiële Gesondheid

Finansiële State 2018/2019

Die gebeurtenisse van die jaar word in ons finansiële state weerspieël. Die Raad toon 'n verlies van R7.2 miljoen gedurende die 2018/2019 finansiële jaar.

Die redes hiervoor is die volgende:

- Watertariewe is gedurende 2017/2018 waterjaar slegs met 6% verhoog. Die begroting sou klop op 13%.
- Tydens die 2018/2019 waterjaar is tariewe slegs met 13% verhoog. Die begroting sou klop op 23%.
- Die Raad het beide jare op die verlaagde tariewe besluit, aangesien daar slegs 40% van die waterkwota deur die departement aan die watergebruikers toegeken is.
- Die verhoging van 13% het 'n tekort van R1.8 miljoen in waterbelasting veroorsaak.
- Die Werk vir Water-program se begroting is gesny weens die toestand van die ekonomie en die tekort aan fondse. Gevolglik is daar R1.3 miljoen minder geïn.
- Die twee breuke op D-Kanaal het die Raad R4.2 miljoen gekos. Daar is nie daarvoor begroot nie en die koste moes sodoende uit die reserwes verhaal word.
- Die werklike uitgawe was binne die begroting. Die totale reserwes van die Raad beloop R25.8 miljoen (Junie 2019).
- Waterbelasting-inkomste beloop 62% van die inkomste.
- Werk vir Water-inkomste subsideer die begroting met 16%.

Begroting 2019/2020

- Hoewel waterbelasting met 16.15% verhoog is, was dit slegs nodig om die beplande uitgawe met 7% aan te pas.
- Waterbelasting beloop weereens 60% van inkomste en Werk vir Water-inkomste subsideer die begroting met 16.3%.

Watertariewe vir 2019/2020

Beskrywing	Vorige Tarief	Nuwe Tarief	% Styging
Opvanggebied-heffing (DWS)	R180.80	R188.80	4.42%
Heffing op hoofkanaal en Kougadam (DWS)	R304.80	R304.80	0.0%
Gamtoosbesproeiingsraad Belasting	R2269.34	R2706.40	19.26%
Totaal (Basies vir 80% of minder van volkwota)	R2754.94	R3200.00	16.15%
Groottotaal (Volkwota)	R3079.57	R3576.92	16.15%

Bedrae sluit nie BTW in nie.

Die Raad streef daarna om 'n hoë standaard te handhaaf wat die onderhoud van die skema betref en kan met reg sê dat ons pogings 'n merkbare verskil toon met ander skemas.

Watertoekenning

Die Gamtoosvallei word nog steeds deur 'n uiterste droogte geteister. Landbouwatergebruikers ontvang 60.188 miljoen kubieke meter water uit die Kougadam gedurende 'n normale 100% toekenningsjaar. Hankey en Patensie, wat onder die Kouga-munisipaliteit val, ontvang ook 'n toekenning, asook die Nelson Mandelabaai-munisipaliteit. Tydens 'n volkwota jaar beloop dit 23 miljoen kubieke meter water.

Hierdie voorsiening is onder geweldige druk geplaas oor die laaste drie jaar weens die droogte. Gedurende 2017/2018 en 2018/2019, het die landbouverbruikers slegs 40% van hul kwota ontvang.

Dit het ongekende beperkinge geplaas op ekonomiese landboubedrywighede waarvan die gevolge onvermydelik na die breër gemeenskap uitgekring het.

Tydens 2018/2019, het selfs die Nelson Mandelabaai-munisipaliteit slegs 57% van hul kwota ontvang uit Loeriedam. Die toekenning van 85% gedurende Junie 2019 het welkome verligting aan alle betrokke partye gebring en verleen 'n hupstoot aan ekonomiese groei.

Werk vir Water-program: Departement Omgewingsake

Die Werk vir Water-program, een van die Departement Omgewingsake se Natuurlike Hulpbronprojekte (NRM), dra by tot 'n aansienlike deel van die Raad se bedrywighede en hoewel slegs 'n beperkte aantal voltydse personeel van die Raad betrokke is om lewe in die projekte te blaas, kan die omvang van hul werk nie onderskat word nie.

Werk vir Water het binne die Raad 30 voltydse personeel-lede met 'n baie spesifieke vaardigheidsvlak om hierdie projekte doeltreffend te bestuur.

Daar is 34 projekte met 'n totale begroting van R132 miljoen vir 2019/2020. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat droogteverligting 'n eenmalige projek is met 'n leeftyd van 'n jaar. Die begroting hiervoor is R32 miljoen. Die plan is om soveel as moontlik van die Dieprivier-opvanggebied met hierdie geld skoon te maak.

Dit is egter ook belangrik om in ag te neem dat Werk vir Water se begroting oor die afgelope jare verminder het weens die stand van ons staatskoffers.

Tydens 2017/2018 is 'n bedrag van R107 miljoen geïmplementeer. Gedurende 2018/2019 is R83 miljoen toegeken en vir die huidige jaar slegs R75 miljoen.

Dié huidige neiging het 'n direkte invloed op die hoeveelheid mense aan wie werk verskaf kan word (permanent, asook op 'n kontrakbasis). Dit beïnvloed ook die kommissie wat op hierdie stadium 16% van die Raad se begroting uitmaak.

Daar is verskeie Werk vir Water-kantore in die provinsie onder die Gamtoosbesproeiingsraad se vaandel. Hierdie kantore is van noodsaaklike belang tot die 34 projekte wat deur die Raad geïmplementeer word.

Die Werk vir Water-projekte het oor die jare die Raad en sy personeel aan baie geleenthede blootgestel, en het ook 'n onuitputbare bron van inligting en kennis verskaf.



Gemeenskapsbetrokkenheid

Dit is vir die Raad van uiterste belang om betrokke te wees by die gemeenskappe van die Gamtoosvallei. Dit is moeilik om nie diep bewus te wees van die behoeftes en nood, asook die verdienstelikheid van die mense en gebeurtenisse wat deel is van ons pragtige vallei nie.

Onlangs is 'n vennootskap met die Laerskool Gamtoosvallei gevorm om op 'n jaarlikse grondslag 'n plaaslike wetenskap-ekspo te ondersteun. Die doel hiervan is om al die plaaslike laerskole te betrek en touwys te maak rondom die belangrikheid van wetenskap en wiskunde as 'n loopbaankeuse. Daar is 'n groot behoefte om 'n liefde vir hierdie vakke in ons plaaslike skole aan te wakker, asook vir ondersteuning en bemagtiging.

RAADSLEDE: Voor, van links - Khaya Katoo en Tertius Meyer (voorsitter). Agter, van links - Jacques du Preez, SG Ferreira en Marthinus Colesky.

Personeel

Pierre Joubert het ná 37 jaar in diens van die GBR sy aftrede aangekondig. Hy is 'n legende en was beslis 'n baanbreker op verskeie gebiede. Dit is juis deur sy visie dat die Raad begin het met die Werk vir Water-projekte vir die destydse Departement Waterwese. Die program is aanvanklik met projekte in die Raad se opvanggebied afgeskop en is met verloop van tyd uitgebrei regoor die Oos-Kaap.

Deur sorgvuldige bestuur en die leuse dat "alle water gemeet moet word", is die Gamtoosbesproeiingsraad 'n baanbreker op die gebied van die bekwame bestuur van wateraanvraag. Dit is ongehoord dat elke druppel water op 'n skema gemeet word, maar die besproeiingsraad het meer as 800 meters om aan hierdie doel te voldoen.

Jacques van der Merwe het as hoof operasionele beampte by die Raad aangesluit. Hy is verantwoordelik vir die tegniese versorging van ons skema. Dié boorling van Cradock spog met talle jare diens by die Departement Water en Sanitasie.

Ons bestuurder van werke, Abey Maluleka, het ook die besproeiingsraad se diens verlaat met Derik Thokoane wat nou sy skoene volstaan. Derik kom deur die range en werk al sedert 1992 (noemenswaardig want dit is toe die Raad gestig is) vir die Raad. Hy beskik oor uitgebreide kennis van die skema en sy bestuur word deur selfvertroue en dissipline gekenmerk.

Waterbeheer se graad-1 toesighouer Faans Maarman is op 25 Augustus aan kanker oorlede. Sy pos is deur Christo Jantjies, 'n dinamiese jong man met 'n passie vir die skema, gevul.

Pierre Joubert

Derik Thokoane

Christo Jantjies

Jacques van der Merwe

Die Pad Vorentoe

Die Raad is passievol oor die doeltreffende voorsiening van water aan alle verbruikers teen 'n bekostigbare prys.

Dié "eenvoudige" sin omvat natuurlik 'n visie met vele fasette. In die komende jaar is daar verskeie pyplyne, asook lugkleppe, wat vervang moet word om die breuke op bestaande lyne te verminder.

Soos altyd sal daar gestreef word daarna om kostes so laag as moontlik te hou. Daar was nog altyd 'n baie verantwoordelike kultuur rondom spandering.

Gedurende die laaste paar jare is dit egter juis 'n groot uitdaging om inkomste te realiseer weens die verandering in ons ekonomiese en politieke klimaat.

Die besproeiingsraad volg nie 'n reaktiewe benadering in die omgewingsfere waarin die organisasie beweeg nie. Daar word altyd gestreef daarna om proaktiewe besluite te neem en om eerder deel van die oplossing as die probleem te wees.

"Asimi, siyaqhuba" – Xhosa

"Ons staan nie stil nie, ons beweeg vooruit."

Selektiewe Foto's: Martesia Photography